
1JH 5:1 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [4]

Die merkteken van geloof (2) E248

God se vrypraak en regverdigverklaring, en gevolglik ewige verlossing, kom deur geloof alleen - ware geloof, egte geloof, saligmakende geloof.

- Deur die eeue, en regoor die wêreld, was daar dermiljoene mense wat hulleself as toegewyde Christene beskou het, maar wat waarskynlik nooit gered is nie. En hierdie skrikwekkende realiteit duur vir seker steeds voort in ons dag.

"Ja", sê jy, "ek moet saamstem. Jy praat sekerlik van die skares gedooide kerklidmate wat minder as 'n kat van saffraan af weet van egte Christenskap en wat vas-aan-die-slaap elke Sondag hulle kerk-gaanpliggie doen - en deur die week maar weer soos gewone wêreldlinge leef."

Sonder twyfel is daar ontstellend baie sulke mense - vreemdelinge vir die lewensveranderende krag van die wedergeboorte. Maar dis nie hierdie voor-die-hand-liggende en tragiese situasie waarvan ek hierbo praat nie. Ek praat van toegewyde mense, yweraars wat vir jou sal sê dat hulle Christenskap die allererns van hulle lewens is. En tog ... en tog dink ek dat die Bybel ons leer dat verskriklik baie van hulle nooit die ewige lewe sal beërf nie.

Hoe kan ek so 'n skokkende stelling maak, sal jy vra. Waar kry ek die reg? Sê die Bybel nie ons mag nie oordeel nie? Natuurlik! En ek loop nie rond en plaas my mede-Christene in vakkies en hokkies nie. Trouens, niemand sal dankbaarder as ek wees nie, sou dit blyk dat my beoordeling verkeerd is.

Maar ek twyfel. Die Bybel is té duidelik oor die saak. Só het ook die reformatore geglo: *slegs Christus, slegs genade, slegs geloof! "Sola" maal 3!*

E248 : 1Jh 5:1 : Wat op aarde is 'n Christen [4]

1/6

Alleen! Sola!

Kom ek verduidelik.

- In die inleidende sin hierbo het ek die kort woordjie "alleen" (Gr. *sola*) gebruik. Dit mag ons nie miskyk nie. Dis wesentlik belangrik!

Lees mens die brief aan die Galasiërs, sien jy met die intrapslag dat die apostel tweemaal (ter wille van beklemtoning) 'n vloek uitspreek oor sekere mense (1:8-9). Paulus draai nie doekies om nie!

Die apostel verwys hier na die Judaïste van sy dag. Hulle het bely dat hulle Christene is - érnstige Christene. Maar hulle het nie die "alleen", waarna ek so pas verwys het, begryp nie. Hulle het daarop aangedring dat mens jou moes laat besny as jy gered wou word (wat hulle vir vrouens gesê het, weet ek nie!) (Hd 15:1).

Luister voorts na die Heilige Gees se woorde deur die apostel - in Galasiërs:

"Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou. Julle wat van julle sonde vrygespreek (lett. "geregverdig") wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur" (Gl 5:2-6. vgl. Rm 4:4-5; 11:6).

Dis duidelik, nie waar nie, mense wat op besnydenis staatmaak om vir God aanneemlik te wees, sal nie gered word nie. Daar bly vir diesulkes net een opsie oor - om deur volkome wetsonderhouding gered te word. En dis onmoontlik!

- Wat sê dit vir ons? *Wie naas sy geloof sy vertrou vir redding in enige godsdienstige handeling stel, hetsy dit besnydenis is, of doop, of kerkgang, of heiligmaking, of goeie werke van watter aard ook al - sal nié gered word nie!* Want geloof wat met werke vermeng word, is nie meer geloof nie.

E248 : 1Jh 5:1 : Wat op aarde is 'n Christen [4]

2/6

Werke, hoe indrukwekkend ook al, kan geloof nooit aanvul nie en niemand ooit red nie! Trouens, so 'n vermenging van geloof en werke is in God se oë 'n "heksbrousel" wat diskwalifiserend en verdoemend is!

Waarom is hierdie saak so belangrik in die oë van die Here? Die antwoord is eenvoudig: ons dien 'n jaloerse God. Hy en Hy alleen sal alle roem kry vir elke sondaar wat gered word. Jesus Christus is óf volkome alleen-redder, óf Hy red gladnie. 'n Vermenging van geloof en werke is niks minder nie as 'n mosie van wantroue in die algoeagsaamheid van Christus se versoeningswerk. Nee! Geen mens sal ooit 'n aandeel in sy eie saligheid hê nie; nie 'n greintjie nie. God deel Sy lof met niemand nie!

Betekén dit gehoorsaamheid en goeie werke is irrelevant? Moet mens dalk eerder daarvan wegstuur? Dan loop jy immers 'n mindere gevaar om in hierdie slag te trap. *Absoluut nie!* Trouens, ook sonder 'n toegewyde lewe van dissipelskap en heiligmaking is daar nie redding nie (Hb 12:14 en die strekking van die ganse Bybel).

Maar nooit ooit sal gehoorsaamheid, heiligmaking en goeie werke geloof aanvul as grónd vir redding nie!

- Geagte leser, u kan seker aanvoel dat ons nie ligvoets hier moet verbytriappel nie. Ons moet seker maak ons verstaan die aard van hierdie eerste merkteken van die wedergeboorte reg. Ontelbaar baie slaan die bal hier mis, omdat hulle die belangrikheid en aard van *geloof alleen* nie behoorlik verstaan en in hulle lewens verreken nie - met skrikwekkend tragiese gevolge. *Dit mag eenvoudig nie waar wees van jou en my nie!*

Kom ons werk dus van 'n kant af deur die saak.

'n Teenstrydigheid?

Dwarsdeur die skepping - mikro- én makrokosmos - is die verskynsel van ekwilibrium, oftewel balans, 'n fassinerende beginsel. Presies dit geld ook van sóveel in God se geopenbaarde waarheid in die Bybel. En wie die Woord van God wil verstaan -

E248 : 1Jh 5:1 : Wat op aarde is 'n Christen [4]

3/6

soos dit móét - móét dit onder die knie kry.

Kyk na die volgende drie Skrifuitsprake:

"Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof, *sonder die werke van die wet.*" (Rm 3:28).

".... ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar *alleen* deur die geloof in Jesus Christus" (Gl 2:16).

"Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en *nie alleen* uit die geloof nie?" (Jk 2:24).

Is Paulus en Jakobus in stryd met mekaar? Is daar leertwis in die kerk? Weerspreek die Bybel homself?

Die antwoord is 'n besliste nee! Dit mag so lyk, maar as mens verstaan waaroor dit hier gaan, laat dit jou in verwondering oor die balanse en rykdomme van die Skrifopenbaring.

Nie vyande nie, maar bondgenote

Paulus en Jakobus verskil nie van mekaar nie, maar veg rug aan rug teen twee dodelike vyande wat die kerk van verskillende kante af aanval. Dis 'n aanslag wat steeds voortduur en is vandag so intens en meedoënloos soos ooit.

Beide vyande is *dwaalleringe* met afwykende standpunte oor *die verhouding van geloof, enersyds, en goeie werke en gehoorsaamheid, andersyds, in 'n Christen se lewe.*

Een standpunt wil werke by geloof voeg as gesamentlike verdienste om redding te verkry. Die ander redeneer dat, omdat Christus 'n volmaakte soenoffer gebring het, geloof alléén van belang is en werke, al dan nie, heeltemal irrelevant is.

Maar God se Woord leer ons dat beide beskouinge verdoemende leuens is! *Paulus beveg wettisisme. Jakobus het dit teen wetteloosheid (ook losbandigheid of antinomianisme genoem).*

Kom ons kyk nou net eers na die eerste dwaling.

Volgende keer, DV, gaan ons dan verder.

Wettisisme

In die vroeë kerk is hierdie dwaling, soos gesê, deur die Judaïste gedra. Hulle was Joodse "Christene". En met hulle boodskap van *geloof plus werke* het veral Christene onder die Jode vir hulle boodskap geval. In die hart van die verdienste waarop hulle aangedring het, was immers die besnydenis. Hulle was yweraars wat nie daarteen opgesien het om oor land en see te trek om hulle boodskap te versprei nie. En aangesien hulle boodskap van godsdienstige meriete vir 'n mens so logies klink, het hulle spoedig 'n beduidende gevolg gehad.

- Presies hierdie saak het aan die hart van die sestende eeuse Reformasie gelê. Rome leer geloof plus die sakramente (en 'n rits ander dinge) - en dis niks anders nie as geloof plus werke. Daarenteen het die reformatore die Woord van God skaamteloos gepreek: *Sola fides* (geloof alleen) was dan ook een van hulle wekroep.

- Ten spyte van die glasheldere Skrifopenbaring oor ons onderwerp, loop wettisisme steeds breëbors orals in die kerk rond. Weliswaar neem die verdienste-trapmeul 'n honderd gestaltes aan, maar die fundamentele dwaling bly deurgaans dat dit *menslike meriete wil voeg by Christus se volmaakte middelaarswerk.*

Gewoonlik lyk dit in vroeë stadiums van ontwikkeling baie regsinnig, omdat gewerk word met dinge wat uitdruklike Bybelse opdragte is. Maar die ywer kom nie uit harte vol dankbaarheid vir God se vrye verlossingsgenade nie. Na 'n subtiele begin, verwing wettisisme egter algaande - tot 'n mindere of meerdere mate. Soms ontaard dit selfs tot groteske en kultiese afmetings.

Hoe diagnoseer mens dit; wat is die simptome?

- *Eerstens is die wettisis se godsdien op die uiterlike ingestel.*

Deurgaans, maar veral in die Nuwe Testament, het

die Bybel 'n baie sterk klem daarop dat dankbaarheids-gehoorsaamheid (volgende keer meer hieroor) slegs vir God aanvaarbaar is indien dit uit die hart kom (Mt 5:21 e.v.v.). Omdat die wettisis egter nie 'n wedergebore hart het nie, weet hy nie wat dit beteken om God "in gees en in waarheid" te dien nie (Jh 4:21-24). Hy kom dus nooit verder as uiterlike godsdienstigheid nie. Die vórm is waarom dit vir hom gaan, maar vir die innerlike krag van ware redding is hy 'n vreemdeling. Uiterlik kan hy indrukwekkend vroom voorkom - hy klim immers 'n leer hemel toe - maar innerlik is hy geestelik dood.

- *Tweedens vul die wettisis die morele wet van God aan.*

Sonder die verliggende werk van die Gees kan 'n wettisis nie die innerlike karakter, omvang en diepgang van God se Wet verstaan nie (onthou, die Bybel verkondig nie wetteloosheid nie). Omdat hy met die oog op die dag van afrekening besig is met die opgaar van godsdienstige verdienste, bevredig dit hom nie. Méer moet tog nodig wees as net 'n klompie "onthoudings", is sy argument. En net hier begin hy sy eie uitdrukkings van gehoorsaamheid ontwikkel. Hy verval in 'n eiewillige godsdien en hou hom besig met dit wat God nooit beveel het nie. Elke geslag en kultuur, elke individu en groep, het eie dinge. Soms is dit negatief: 'Raak nie! Eet nie!' (Kol 2:21); soms positief: 'Doen dit! Doen dat!' Gougou verdring dit Christus as fokuspunt van ywer. En feitlik altyd word dit voorwaardes - sjibollette (Rigters 12:6) - vir aanvaarding en toelating in 'n bepaalde kring.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115.

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevaar het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906